education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# BESIGHEIDSTUDIES

**FEBRUARIE/MAART 2009**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

EASTERN CAPE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig en neem deeglik kennis van wat verlang word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Tensy daar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

5. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van die antwoord te bepaal.

6. LET WEL: Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

7. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte en tydstoekenning wanneer vrae beantwoord word.

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **1** | **A: Meervoudigekeuse-vrae, Waar en Onwaar, Pasitems. VERPLIGTEND** | **40** | **30 minute** |
| **2** | **B: DRIE vrae VERPLIGTEND** | **60** | **30 minute** |
| **3** | | **60** | **30 minute** |
| **4** | | **60** | **30 minute** |
| **5** | **C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.** | **40** | **30 minute** |
| **6** | | **40** | **30 minute** |
| **7** | | **40** | **30 minute** |
| **8** | | **40** | **30 minute** |
| | **TOTAAL:** | **300** | **180 minute** |

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 Ten einde aan die uitdaging van veranderende tegnologie te voldoen, moet besighede …

A meer werksdae skep.
B meer produkte produseer.
C personeellede gereeld oplei.
D meer werkers in diens neem.

1.1.2 Inkomste verdien uit belegging in vaste eiendom word ... genoem.

A huur
B annuïteit
C rente
D eiendomme

1.1.3 Watter EEN van die volgende metodes is deur die regering geïmplementeer om algemene ekonomiese groei te stimuleer?

A Implementering van 'n nuwe mediese fonds
B Borg van 'n Vigs-weeshuis
C Verhoging in die rentekoers
D Instelling van die Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtigingswet

1.1.4 'n Eksterne faktor wat die wyse waarop besighede etiese uitdagings hanteer, reguleer:

A Missieverklaring van maatskappy
B Regeringswetgewing
C Veiligheids- en sekuriteitswetgewing
D Maatskappyprosedures

1.1.5 Interne werwing kan gedoen word deur ... te adverteer.

A op personeelkennisgewingsborde
B in nasionale koerante
C op streeksradiostasies
D op die internet

1.1.6 Hierdie vorm van eienaarskap stipuleer 'n maksimum van tien lede:

A Beslote korporasie
B Vennootskap
C Publieke maatskappy
D Privaat maatskappy

1.1.7 Leerderskappe in versekering word deur die ... aangebied.

A Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)
B Industriële Ontwikkelingskorporasie ('IDC')
C Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (SETA)
D Mannekragkommissie

1.1.8 Besigheidsdata via die internet word … inligting genoem.

A geskrewe
B visuele
C mondelinge
D elektroniese

1.1.9 Watter EEN van die volgende is 'n strategie wat deur organisasies gebruik kan word om die welstand van hul werknemers te bevorder?

A Demoveer
B Onvoldoende toerusting
C Rook in die werksplek
D Professionele berading

1.1.10 'n Probleemoplossingstegniek wat nie vereis dat deelnemers in dieselfde plek moet wees nie:

A Delphi
B Kreatiwiteit
C Leë stoel ('Empty chair')
D 'Force-field' (10 x 2) (20)


EASTERN CAPE

## 1.2 KIES DIE KORREKTE TERM

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 Handves van Menseregte.

| |
|---|
| kreatiwiteit; Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtigingswet (BBSEB); regstellende aksie; inklusiwiteit; prestasiebeoordeling; SABS; Handves/Verklaring van Regte; werksaansoek; Vaardigheidsontwikkelingswet |

1.2.1 Waarborg gelyke geleenthede in die werksplek

1.2.2 Evalueer die werknemer se sterk punte en swak punte

1.2.3 Maak diversiteit in die werksplek moontlik

1.2.4 Bevorder die vind van oplossings vir komplekse probleme

1.2.5 Bevorder die kwaliteit van produkte en dienste (5 x 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Opwaartse neiging in aandeelpryse kan as gevolg van ekonomiese herstel in die finansiële mark plaasvind.

1.3.2 Konflik dra nie tot effektiewe besluitneming by nie.

1.3.3 Een doelwit van beroepsbestuur is om werknemers by te staan om hul werksverrigting te verbeter.

1.3.4 Kwaliteitsbeheer in besigheidsorganisasies behoort met gereelde tussenposes plaas te vind.

1.3.5 Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid ('SAQA') is verantwoordelik vir kwaliteitsversekering van produkte in die vervaardigingsbedryf. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

## VRAAG 2

2.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **ALL OVER PENDELDIENSTE**
>
> Pieter en Jabu het in 2006 die ALL OVER PENDELDIENSTE-besigheid in Soweto begin. Hulle het 'n lening by die African Bank gekry.
>
> Gedurende Oktober 2008 het die goewerneur van die Suid-Afikaanse Reserwebank 'n verhoging van 1% in die rentekoers aangekondig. Die prys van petrol het in Januarie 2008 met 21 sent per liter gestyg as gevolg van 'n styging in die internasionale prys van ru-olie.
>
> ALL OVER PENDELDIENSTE het geen ander keuse gehad as om hul tarief tot R3 per kilometer te verhoog nie. Die Departement van Onderwys het ALL OVER PENDELDIENSTE ingelig dat hulle nie meer van hul dienste gebruik gaan maak nie.
>
> Die Departement van Onderwys het verklaar dat hul Sweet Go-reisdienste gaan gebruik wat R2,50 per kilometer vra.

2.1.1 As die finansiële konsultant van ALL OVER PENDELDIENSTE, identifiseer DRIE uitdagings waarvoor jou besigheid te staan kom en klassifiseer hulle volgens die drie besigheidsomgewings. (6)

2.1.2 Identifiseer die besigheidsektor waarin ALL OVER PENDELDIENSTE bedryf word. Regverdig die mate waartoe dit beheer kan uitoefen oor die drie besigheidsomgewings in hierdie sektor. Gebruik praktiese maniere of strategieë om jou antwoord te ondersteun. (14)

2.2 Noem DRIE faktore/punte wat jy sal oorweeg wanneer 'n strategie vir enige besigheid van jou keuse ontwikkel word ten einde uitdagings in die makro-besigheidsomgewing te kan oorkom. (6)

2.3 Bespreek die hoofdoel van die volgende Wette:

2.3.1 Die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995) (8)

2.3.2 Die Wet op Billike Indiensneming (Wet 55 van 1998) (8)


EASTERN CAPE

2.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ETIEK IN REKLAME**

Reklame is 'n poging om inligting aan mense te stuur om hulle te oorreed om hul geld by 'n spesifieke maatskappy te spandeer. Hierdie konsep is die fondasie van die moderne besigheidswêreld.

Reklame is groot besigheid. Miljoene rande word elke maand op advertensies spandeer. Baie industrieë bestaan alleenlik as gevolg van die groot bedrae geld wat reklame inbring. Baie media- en nie-media-industrieë sal drasties geaffekteer word indien hul nie advertensieruimte op televisie en in tydskrifte en koerante kan verkoop nie.

Kopers sal dan ook nie oor hul keuses ingelig word nie. Maatskappye probeer allerhande taktieke om ons aandag en geld te kry. Soms behels hierdie pogings onwettige, agteraf of vuil skelmstreke. 'n Voorbeeld van 'n onwettige skelmstreek behels die ou *aas en omskakel.* Hierdie taktiek vereis die plaas van 'n advertensie vir 'n item teen 'n baie lae prys. Teen die tyd wat kopers die winkel bereik, vind hulle dat die item 'nie meer beskikbaar is nie'. Om hulle te laat beter voel omdat hulle die goeie kopie misgeloop het, word hulle 'n item soortgelyk aan die een waarvoor hulle gekom het, aangebied, maar dit is nie altyd 'n winskopie nie.

[Aangepas uit: *Rubak.com* – Artikel – 'Ethics in Advertising']

2.4.1 Verduidelik die konsep van *onetiese reklame*. Gebruik die inligting in die gevallestudie om jou antwoord te illustreer. (6)

2.4.2 Onetiese reklame is een van die uitdagings van etiese en professionele gedrag in die besigheidsomgewing. Identifiseer DRIE ander kwessies wat etiese en professionele gedrag in die besigheidspraktyk beïnvloed. (6)

2.5 Noem enige DRIE doelwitte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998). (6)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 As die finansiële bestuurder van ABC Goudmyn-maatskappy, word jy deur die uitvoerende direkteur versoek om 'n aanbieding vir aandeelhouers by die jaarlikse algemene vergadering te doen oor die finansiële prestasie van die maatskappy.


3.1.1 Noem DRIE vereistes wat jy sal oorweeg sodat die aanbieding goed, duidelik en akkuraat is. (6)

3.1.2 Die verkoopsdepartement het die volgende drie voorstellings van data hieronder oor die verkope van goud oor die laaste vyf jaar aan jou voorsien. Die vrae wat volg is op hierdie voorstellings gebaseer.


(a) Identifiseer die tipe grafiek wat in VOORSTELLINGS 2 en 3 voorgestel word. (2)
(b) Watter voorstelling sal die geskikste een vir die aanbieding wees? Motiveer jou antwoord. (6)
(c) Noem EEN neiging wat jy in die tabelle hieronder kan waarneem. (2)
(d) Gebaseer op VRAAG 3.1.2(c) hierbo, watter aanbeveling kan jy by die aandeelhouers doen? (2)

| **JAAR** | **VERKOPE VAN GOUD (in R miljoen)** |
|---|---|
| 2004 | 300 |
| 2005 | 330 |
| 2006 | 310 |
| 2007 | 400 |
| 2008 | 360 |

**VOORSTELLING 1**




**VOORSTELLING 2**




**VOORSTELLING 3**

3.1.3 Beskryf enige VYF entrepreneurseienskappe wat ABC Goudmyn-maatskappy kan gebruik om die sukses van hul besigheidsonderneming te assesseer. (10)

3.2 Diskriminasie in die werksplek is een van die menseregtekwessies wat 'n negatiewe invloed op die verhouding tussen werkgewers en werknemers het.

3.2.1 Stem jy saam met of verskil jy van hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (4)

3.2.2 Dui aan hoe diskriminasie in die werksplek opgelos kan word. (4)

3.3 Beskryf elk van die volgende beleggingsgeleenthede en evalueer of jy dit beskou as 'n lae-, medium- of 'n hoërisiko-belegging:

3.3.1 Aandele (6)

3.3.2 Effektetrusts (6)

3.4 Bespreek die invloed van die volgende faktore op die sukses en mislukking van 'n beslote korporasie en 'n eenmansaak:

3.4.1 Kapitaal

3.4.2 Wetgewing (12)

**[60]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**AANSOEK OM 'N VAKANTE POS**

Thembi het by 'n technikon gestudeer. Sy het 'n diploma in Reis- en Toerisme maar kon tot dusver nie daarin slaag om werk te kry nie.

Thembi het 'n advertensie vir 'n ontvangsdame by Trust Lodge in die geklassifiseerde afdeling van die koerant gesien en vir die pos aansoek gedoen. Thembi was die enigste aansoeker en is in die pos aangestel. Trust Lodge het nie 'n werknemerskontrak nie.

Thembi het nie in die werk as ontvangsdame belang gestel nie en die bestuur van Trust Lodge was ten volle daarvan bewus. Thembi was openlik oor haar gebrek aan belangstelling in die werk. Sy moes egter 'n werk aanvaar ten einde 'n inkomste te verdien om haar finansiële verpligtinge na te kom.

4.1.1 Indien jy die bestuurder van Trust Lodge was, sou jy Thembi aangestel het? Motiveer jou antwoord. (6)

4.1.2 Maak enige VYF voorstelle oor klousules wat Trust Lodge in hul werknemerskontrak kan insluit. (10)

4.1.3 Sou die klousules genoem in VRAAG 4.1.2 kon help om die krisis wat tans deur Trust Lodge ervaar word, te verhoed? Verduidelik jou antwoord. (6)

4.1.4 Noem enige VYF aspekte wat Trust Lodge in hul implementering van die induksie en plasingsproses vir Tembi sou insluit. (10)

4.1.5 Noem die Wet wat die indiensnemingskontrak tussen Trust Lodge en Thembi reguleer. (2)

4.2 Noem in breë trekke VYF stappe wat 'n goeie bestuurder sal volg ten einde konflik in die werksplek op te los. (10)

4.3 Noem en verduidelik EEN bestuurstyl wat jy tans as die effektiefste beskou om maksimum sukses in besigheid te verseker. (4)

4.4 Onderskei tussen *bestuur* en *leierskap*. Verduidelik of 'n goeie bestuurder beter as 'n goeie leier is. (12)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwood enige TWEE vrae.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER aan. Die antwoord op ELKE VRAAG moet op 'n NUWE BLADSY begin word, byvoorbeeld VRAAG 6 op 'n nuwe bladsy, VRAAG 8 op 'n nuwe bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 5

Analiseer die aard en proses van korporatiewe sosiale investering (KSI). Illustreer hoe dit werk en bespreek die voordele en probleme van KSI vir beide besigheid en gemeenskappe. Gebruik werklike voorbeelde om jou antwoord te illustreer. **[40]**

### VRAAG 6

Net soos jou huis en motor versekeringsdekking benodig, vereis jou besigheid ook beskerming teen diefstal, skade en aanspreeklikheid. 'n Groot inbraak of 'n brand kan 'n onversekerde of onderversekerde besigheid bankrot laat. Minimalisering van risiko's en verliese is een van die hoekstene van besigheidsukses, veral vir klein besighede.

[Bron: *Succeed,* Desember 2006]

Skryf 'n verslag waarin jy aandui of jy saamstem of verskil van die bogenoemde stelling. Jou verslag moet duidelik die redes/betekenisvolheid van versekering staaf, 'n verskil aandui tussen verpligte en nie-verpligte versekering, en ook elke tipe met behulp van voorbeelde illustreer. **[40]**

### VRAAG 7

Groepsdinamika in probleemoplossing maak dit makliker om verandering en eenheid binne die organisasie te inisieer. Groepswerk help die organisasie om sy primêre doelwitte en doelstellings te bereik.

Verduidelik kortliks waarom dit noodsaaklik is vir mense om saam te werk en bespreek volledig die faktore wat tot die bereiking van besigheidsdoelwitte, met die gebruik van groepswerk in die werksplek, kan bydra. **[40]**

### VRAAG 8

Vakunies is hoofsaaklik gestig om aandag te gee aan die uitdagings waarvoor werknemers in die werksplek te staan kom.

Beskryf in breë trekke die funksies van vakunies in die verbetering van werksomstandighede van werknemers. Analiseer hul rol om goeie arbeidspraktyke te bevorder en om die lewenstandaard van werkers in Suid-Afrika op te hef. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou